## DEPARTEMENT VAN LANDBOU, GRONDHERVORMING EN LANDELIKE ONTWIKKELING

**NO. 6112** **11 April 2025**

**OPENBARE KENNISGEWING**

**Aansoek vir derogasie vir die beperkte gebruik van landbouchemikalieë geïdentifiseer as sorgwekkende middels.**

Hierdie kennisgewing het ten doel om die algemene publiek in te lig van die administratiewe aksie onderweg in verband met die goedkeuring van landbouchemikalieë onder die Wet op Misstowwe, Veevoer, Landbouchemikalieë en Veemiddels,1947 (Wet Nr. 36 van 1947).

**Sharda International Africa (PTY) Ltd.** lig die algemene publiek hiermee in van die voorneme om 'n aansoek in te dien vir derogasie vir hul geregistreerde spirodiclofen-bevattende landboumiddel **Spiral 240 SC Reg, nr L 10492** met aktiewe bestanddeel inhoud van **240 g/L,** wat geïdentifiseer is as 'n sorgwekkende middel weens klassifikasie as reproduktief toksies Kategorie 1B volgens die "Globally Harmonized System of Classification and Labelling of Chemicals" vir die volgende eindgebruike in Suid-Afrika: 'n Mytdoder vir die beheer van verskeie mytspesies in gewasse of omstandighede soos **sitrusboorde**.

Soos vereis in die "Regulations relating to agricultural remedies" van Augustus 2023 is 'n toksikologiese risko-ontleding onderneem vir die voorgestelde eindgebruike en die publiek word genooi om die risko-ontleding na te gaan en om kommentaar in verband met die voorgestelde aansoek in te dien. Bogenoemde verslag kan óf aanlyn verkry word by **https://shardaafrica.com** of in gedrukte vorm by die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling, (Landbougebou, Steve Bikostraat 20, Arcadia, Pretoria, 0002 gedurende kantoorure (08:00 to 16:00 Maandae tot Vrydae, publieke vakansiedae uitgesluit).

Belangstellendes moet kommentaar, of besware rakende hierdie aansoek skriftelik rig aan:

Mnr. Maluta Mudzunga

Registrateur, Wet op Misstowwe, Veevoer, Landbouchemikalieë en Veemiddels, 1947 (Wet Nr. 36 van 1947). Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling, Privaatsak X343, Pretoria, 0001

Kantoor 417, Harvest House-gebou, Hamiltonstraat 30, Arcadia, Pretoria, 0002

Tel. nr: 012 319 6530

Epos: MalutaM@dalrrd.gov.za

Kommentaar, of besware rakende hierdie aansoek moet binne 30 dae van publikasie van hierdie kennisgewing ingedien word. Kommentaar ontvang na die sperdatum mag nie noodwendig in ag geneem word nie.